# VOORWOORD

OCKIE VERMEULEN

*… die pynlikste: weet van ons weet,*
*dan, net so erg, die seer*
*wil om die dood te transendeer,*
*wat ons onselfgenoegsaam laat wens*
*om meer te wees as een maal mens.*

(T.T. Cloete, "Michelangelo")

Die jaar 2015 sal altyd in my herinneringe geëts wees as die jaar van afskeid en dood. Die afsterwe van David Willcocks, John Scott en Jacques van Oortmerssen laat 'n onmiskenbare leemte in die orrel- en kerkmusiekmillieu. Plaaslik betreur ons die heengaan van groot literêre geeste soos dié van André P. Brink, T.T. Cloete (sien **Heilna du Plooy** se huldeblyk) en Chris Barnard. Maar dit was juis in die afsterwe van my ma dat ek opnuut besef het dat ek ten diepste 'n spirituele wese is met instinktiewe soeke na betekenis en "om meer te wees as een maal mens".

Dit bring my na hierdie spesiale uitgawe van *Vir die Musiekleier* wat onder andere gewy word aan referate wat tydens die Skool vir Musiek van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom kampus) se *3rd International Conference on Spirituality and Music Education* gelewer is. In die post-sekulêre wêreld van vandag het "spiritualiteit" as't ware ontluik in 'n internasionale "trefwoord" wat op almal se lippe is. Binne en buite die kerk se grense is die mens toenemend op soek na 'n diepere betekenis en 'n lens waardeur die lewe geïnterpreteer kan word. Hierdie "lense" kan uiteenlopende gedaantes aanneem en word nie noodwendig tot die godsdienstige beperk nie. In **Hetta Potgieter** en **Christo Lombaard** se navorsing word hierdie "trefwoord" ontgin, opgebreek en die raakpunte tussen musiek en spiritualiteit aangetoon.

**Daleen Kruger** ondersoek die lens waardeur 19e-eeuse kinderkerkliedere die kind se verwysingsraamwerk in die erediens of godsdienstige samekoms aanspreek. Sy toon aan dat sommige kinderliedere die teikengehoor transendeer het en gevolglik ook deur volwassenes gesing word. In navorsing wat hierby aansluit ondersoek **Mignon van Vreden** ook die spiritualiteit van die kind tydens religieuse groepsang en wys daarop dat musiekleiers bewus moet wees van die lense waardeur kinders sin maak van hulle omstandighede. **Alvin Petersen** en **Dawn Joseph** ondersoek, na aanleiding van hulle onderskeie ervarings in Suid-Afrika en Australië, die wyse waarop kerkmusiek die erediensganger in staat stel om sy/haar spiritualiteit te ervaar en te beleef. **Hattingh Davel** stel ondersoek in na wat dit vir sewe akteurs beteken het om die rol van Jesus tydens Lady Grey se jaarlikse Passiespel te vertolk. Hy wys dat hierdie ervaring die spiritualiteit van die onderskeie akteurs beïnvloed het. In 'n artikel wat nie tydens die kongres gelewer is nie, beredeneer **Jan Beukes** die nut van 'n orrelduet-transkripsie van Gabriel Fauré se Requiem, Opus 48. Hy illustreer die gebruik van twee orrels in dié werk met

gepaste musiekvoorbeelde.

Oudergewoonte bevat *Vir die Musiekleier* die G.G. Cillié-gedenklesing wat hierdie jaar tydens UNISA en SAKOV se gesamentlike orrelsimposium in Pretoria deur **Jacobus Kloppers** gelewer is. Jacobus het ook op spesiale versoek 'n koraalvoorspel duet op Lied 219, 220 (*Hyfrydol*) vir klavier en orrel vir hierdie uitgawe van *Vir die Musiekleier* gekomponeer. **Christiaan Carstens** bring weereens die orrelopnames waarin die koning van instrumente te hoor is onder die lesers se aandag.

*Vir die Musiekleier* het sedert sy ontstaan in die 1980's ontwikkel in 'n gesaghebbende akademiese bron wat ook akkreditasie van die Suid-Afrikaanse Departement van Onderwys in 2011 verkry het. Om relevant te bly in die snelveranderende tyd van inligting en tegnologie is dit noodsaaklik om voortdurend en verantwoordbaar aan te pas. Ons is dus besig om die tydskrif te transformeer na 'n oop-tydskrif (open access) waardeur SAKOV se breinkind in die geselskap van duisende ander plaaslike en internasionale akademiese tydskrifte sal vertoef. Sodoende kan *Vir die Musiekleier* maklik deur enige navorser wêreldwyd geraadpleeg word en kan ons kennis en ervarings hier aan die Suide van Afrika help om die denke en kollektiewe bewussyn van die wêreld gestalte te gee. Inderdaad 'n unieke en wonderlike uitdaging.

U sal ook opmerk dat 'n groot hoeveelheid van hierdie uitgawe se inhoud in Engels gepubliseer word. Nie alleen help dit met die oop-tydskrif ideale nie, maar sal ook *Vir die Musiekleier* mededingend maak in internasionale kringe.

En nou vir afskeidswoorde. **Proff. Wim Viljoen** en **Hetta Potgieter** het as mentors nie net my eie denke gevorm en beïnvloed nie, maar ook ontelbare ander, plaaslik en internasionaal terwyl albei diep spore in die bedrywighede van SAKOV geloop het. Wim tree af as hoof van die Departement Musiek aan die Universiteit van Pretoria en Hetta as redakteur van *Vir die Musiekleier*. Ek vind troos daarin dat die woord "aftree" slegs 'n administratiewe formaliteit vir beide is en dat hulle steeds hulle kennis en ervaring op verskeie vlakke sal deel met die opkomende geslag van musieknavorsers, nagraadse studente sowel as hulle kollegas. Nietemin is dit noodsaaklik om erkenning te gee aan die onskatbare bydrae van hierdie twee kundiges wat met integriteit hulle passie uitleef. Ons salueer julle!

Ek sluit af met die woorde van Paulus: "Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge?" 2015 het gekom en gegaan. Ons het mense verloor aan die dood en afskeid geneem. Wat bly oor? Ongetwyfeld, vir ons wat agterbly, die lewe. Die lewe bly oor: hiér en nóú. Miskien lê die kuns van die lewe juis in die dood, soos verwoord deur Virginia Woolf:

> *To look life in the face, always, to look life in the face, and to know it for what it is ...*
> *at last, to love it for what it is, and then, to put it away.*

Mag 2016 vir u en u geliefdes 'n verreikende spirituele ervaring wees.

Ockie Vermeulen
Mede-redakteur